NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 10 JUNIE 2011 BY DIE JEHOTTO NASKOOLSENTRUM, LES MARAIS.

Voorsitter	Sekretaris	Tesourier
L E Weyer	HB Groenewald	LC de Jager
Tel 012 3452617	Tel 012 6547438	Tel 012 6547420
	Of 0834694349	
	e-pos: herman.groenewald@lantic.net	
	faks: 0867508692	

1.0 Opening

1.1 Petro Serfontein open die vergadering met gebed, en die Voorsitter heet almal hartlik welkom.

2.0 **Teenwoordig:**

2.1 CJJ Snyman (President), LE Weyer (Voorsitter), SH Erasmus ((Visie-voorsitter), LC de Jager (Tesourier), JJ Champion, DD Fourie, NL Greyling, RM Heunis, DWJ Jacobsz, D Mare, MT Mey, P Serfontein, C I Weyer (neem waar as sekretaris).

2.2 **Verskoning:** F du Preez, H Erasmus, B Grobbelaar, FC Hefer, CD Venter.

3.0 **Lief en Leed**

3.1 Piet de Beer was in die hospitaal.

3.2 Chris Venter is in die hospitaal opgeneem met hartprobleme.

3.3 Jan le Roux , voorsitter van INC, se seun is oorlede.

4.0 **Fondsinsameling**

4.1 Die lede van Border Kanaries is verantwoordelik vir die fondsinsameling by die Augustus 2011 maandvergadering. Die betrokke verteenwoordiger moet herinner word (Willie Smith of Billy Smith?)

5.0 **Bevestiging van notule van vorige vergadering**

5.1 Neville Greyling bevestig die notule van Junie as korrek en Tewie Mey sekondeer.

6.0 Sake voortspruitend

6.1 Bedrag verskuldig tov van rosette – Do Mare het e-pos met bedrag gestuur maar Norman Cawood het nognie reageer nie. Hierdie punt staan weer oor.

6.2 Lourens de Jager het ‘n voëlhok 5x3x1.8m staal en gesweisde draad, prys onderhandelbaar.

6.3 Webruimte – Ingrid volg op en sal terugvoer gee.

6.4 Uitloot van trollie – voorstel word aanvaar dat alle lyste terugbesorg word en dat die trekking by die Augustus vergadering gehou sal word. Daar is reeds R870 ingesamel.

6.5 Die verslag oor die werksessie wat by die Junie maandvergadering gehou is, word aangebied en bespreek. Byvoegings hierby: dat notules weer aan lede uitgestuur word om hulle te herinner aan vergaderings en belangstelling te prikkel; en om nie-aktiewe lede te betrek deur hulle spesifieke opdragte te gee.
‘n Voorstel word aanvaar dat die verslag aan alle opbetaalde lede uitgestuur word vir bespreking by die volgende vergadering en dat ‘n vraelys opgestel word om die gewensde ‘formule/resep’ vir PCBC byeenkomste te bepaal. Elke lid teenwoordig sal twee ander afwesige lede skakel om telefonies antwoorde op die vrae te bekom. Ingrid sal die vrae sirkuleer.

7.0 Finansiële Verslag

7.1 Finansiële verslag word voorgehou en goedgekeur

7.2 Opstel van die bateregister staan oor. Kobus Champion het nuwe slotte aan die houerdeure gesit, en meld dat die deure vasgeroes is en ge-olie sal moet word. Les Weyer en Neville Greyling onderneem om dit te doen.

8.0 SANCBA

8.1 Die notule van die vergadering gehou op 30 Junie is ontvang en kennis word geneem daarvan.
8.2 Terugvoer van die pas afgelope Konferensie word deur die visie-voorsitter aangebied. Die affiliasiefooi is met R5 per lid verhoog.
8.3 Voorgestelde wysiging van skouskedule vir papegaaie word teruggetrek en sal weer ondersoek word om volgende jaar te dien
8.4 Daar mag nou minder as 7 lede in ‘n klub wees
8.5 Beoordelaars hoef nie noodwendig meer telers en voëlboere te wees nie.
8.6 Die nuwe Gloster kanarie model word aanvaar
8.7 Nuwe fronte vir papegaai skouhokke word eenparig aanvaar.
8.8 Moontlike heffing op ringe vir sg ‘ringlede’ sal deur Arrie du Toit ondersoek word.
8.9 Alle voorstelle om die Blouboek te vereenvoudig is gestaak.
8.10 Versoek dat beoordelaars streng volgens die Blouboek model die Fyfe kanaries beoordeel.
8.11 Lovebirds of SA sal voortaan op dieselfde grondslag van affiliasie as die Budgies by SANCBA betrokke raak en aan skoue deelneem.
8.12 Toestemming word verleen om die nasionale skou vroeër te sluit.

9.0 NRCBA

9.1 Die volgende vergadering is op 21 Julie.

10.0 Algemeen

10.1 Steeds lede wat moeite ondervind om geelkoper duimspykers vir skouhokke op te spoor.

11.0 Afsluiting

11.1 Kennis word gegee van die Algemene Jaarvergadering op 8 Augustus 2011 om 19:00. Die volgende maandvergadering sal na afloop van die Jaarvergadering gehou word.

LE Weyer
Voorsitter
11 Julie 2011

HB Groenewald
Sekretaris

REPORT ON PCBC PLANNING SESSION

Question 1. Where is PCBC currently situated? (What is the Club's Status?)
PCBC is in 'n afwaartse neiging. Daar is 38 ingeskrewe, opbetaalde lede waarvan slegs 11 aktief is. Die klub het 'n groter "voëlkennis" as baie ander klubs en het 'n goeie en sterk reputasie as 'n klub wat goeie resultate op skoue behaal. Die klub is finansieël solvent maar finansies gaan agteruit. Die klub het goeie bates in die form van stellasies, houerbak , skilde, ens wat baie werd is. Daar word maandeliks vergaderings gehou en jaarliks skoue aangebied wat deur ander lede as uitstekend beskou word. Ringe word jaarliks administreer.

Question 2 Where would we like to be? (What should the Club look like in future?)
'n Klublidmaatskap van 100+ lede bestaande uit 20% dames, 10% juniors en verteenwoordigend van die landsdemografie. Groter en meer entoesiastiese lededeelname by klubaktiwiteite. Erkenning van klublede wie presteer tydens skoue en met broeisuksesse. Empatie met klublede wie dit benodig. Die daarstelling van 'n klub beoordeelaars-opleidingsprogram asook 'n mentorskap program vir jonger/"Novice" lede. Die terugwen van die naam "Skoukoningklub" met groter/ en meer verteenwoordigende skoue. Gereelde Klubuitstappies. 'n Jaarlikse Jongvoëlskou wat deur alle lede ondersteun word. Aanbied van 'n goed ondersteunde Jaarfunksie.

Question 3. How do we get to the ideal in Q2? (What plans should be formulated?)
'n Groter werwingspoging om jonger lede van alle groepe te werf. Poging aanwend om lede wie na spesialisklubs ge-migreer het terug na 'n suksesvolle algemene klub te bring. Bystand aan nuwe/jonger/novice lede met toebehore en voëls deur 'n goed beheerde Mentorskapplan. Groter sigbaarheid van die klub en sy lede, (dra van klub wapens) en deur plasing van artikels en advertensies in media. Besoeke aan ander Klubs en hul lede om kruisbestuiwing te bewerkstellig. Aanbied van uitstallings by sakesentrums (miniskou op Saterdagoggend) om die klub en sy aktiwiteite te adverteer en sodoende nuwe lede te werf. Uitroei van persoonlike besprekings (skinderstories/politiek). Inkoop in die ideaal deur alle klublede, lede moet onderneem om deel te wees van die klub EN sy aktiwiteite. Die reel van klub uitstappies na interessante voëlverwante instansies. Die jongvoëlskou laat herleef in sy ou glorie (familie braai ens) Reël van goed ondersteunde jaarfunksies.

Question 4. How do we know when we have arrived? (What are the indicators?)
PCBC sal weer uit 'n groot klublidmaatskap sy regmatige posisie as "Meesterklub" kan inneem. Klubfunksies word deur 75% lede op gereelde basis ondersteun. PCBC het weer sy naam as "skoukoning" verkry. Lede se lojaliteit sal teenoor die klub wees en nie slegs op eie gewin geskoei wees nie. Nuwe lede sal welkom voel en sal baat vind by die klub, mentorskap sal op 'n vrywillioge basis aangepak word. Die atmosfeer tydens klub aangeleenthede sal weer gemoedelik wees en lede sal graag by die klub wil wees.

SWOT ANALIESE
Strong Points. PCBC beskik oor 'n goeie reputasie. Die klub beskik oor goeie bates soos Skoustellasies en Houerbak. Klublede het goeie ervaring in voëlteeld en skou en behaal gereeld baie goeie resultate op skoue. PCBC beskik oor 'n fenomenale geskiedenis as die oudste voëlklub in die land.

Weak Points. Deelname en samewerking deur lede tydens klub aangeleenthede is gebrekkig, lede is onbetrokke by die klub. Klub skoue word swak deur lede ondersteun. Leierskap in die klub ontbreek, klublede is nie bereid om verantwoordelikheid om die klub te bestuur te neem nie. Selfsug onder klublede skyn duidelik deur, lede plaas die eie **EK** eerste. Lojaliteit teenoor PCBC is gebrekkig, lede sal eerder ander klub aangeleenthede ondersteun ten koste van PCBC. Spesialis klubs kry voorkeur bo PCBC.

Opportunities. Die werwing van nuwe jong lede om demografiese verteenwoordiging te verkry. Deel van ervaring en kennis van klublede met ander lede om die klub se kennisbasis uit te brei. Uitsny van dooie hout.

Threats. Die gebrek aan belangstelling en deelname deur senior lede in klub aangeleenthede kan junior klublede ontmoedig. Groei van spesialis klubs tot nadeel van algemene klubs (PCBC) kan veroorsaak dat PCBC sal moet sluit weens afname in samewerking. Politiek/klieks/skinder onder klublede is nadelig.